***WESTCLIFF***
VAARDIGHEIDSKOOL

Posbus 328
Sanlamhof, 7532
Tel: 021 9484877
Faks: 021 9489434
admin@westcliffschool.co.za
webadres: www.westcliffschool.co.za

# PROSPEKTUS - 2026

1. **VISIE**

Sukses deur opleiding.

2. **MISSIE**

By Westcliff Skool streef ons daarna om elke leerder die geleentheid te bied om sy/haar potensiaal te ontdek en ten volle te ontwikkel deur die aanleer van vaardighede, sodat hy/sy tot volwassenheid kan groei, 'n menswaardige bestaan kan voer en 'n ekonomiese bydrae kan lewer tot die samelewing.

2.1 Positiewe ingestelde personeel en leerders;

2.2 Beroepsgeoriënteerde kurrikulum;

2.3 Vennootskap met die ouers;

2.4 Doeltreffende strukture;

2.5 Netjiese, doeltreffende en veilige skoolgeboue, gronde en toerusting.

**OUERS MOET ASSEBLIEF DIE DOKUMENT MET HUL KINDERS DEURWERK**

## 3. ALGEMEEN

### 3.1 KOMMUNIKASIE : OUERS

- Rekeninge : Per hand deur leerder
  Spesiale versoeke per landpos
  Finale aanmanings per geregistreede pos
  Kennisgewing deur middel van sms.

- Omsendbriewe : Per hand deur leerder

- Rapporte : Per hand deur leerder

- Gedragsverslag : Per hand deur leerder (detensie kennisgewing)
  Ingesluit by rapport einde van kwartaal

- Selfoonnommers:
  Kommunikasie per SMS is baie effektief. Die skool benodig ‘n selfoonnommer waar ‘n ouer gekontak kan word (nie van leerder/s). **Die skool moet onmiddellik in kennis gestel word indien u selfoonnommer verander**.

- **Adresverandering:**
  **Die skool moet onmiddellik in kennis gestel word wanneer ouers van adres verander sodat die rekords aangepas kan word**.

3.2 **BERADER**

Mnr Rodericks : Persoonlike probleme van leerders (seuns)
Voorligting aan ouers en leerders
Toelating tot skool
Leerondersteuning

Mev Carstens Persoonlike probleme van leerders (dogters)

3.3 **JAARGROEPHOOFDE**

| | | |
|---|---|---|
| Mev R Carstens | : | 1ste Jaar |
| Mnr Karelse | : | 2de Jaar |
| Mev Booysen | : | 3de Jaar |
| Mev Erasmus | : | 4de Jaar |

4. **INSKRYWING VAN LEERDERS**

4.1 Minstens een ouer/voog van ‘n nuwe leerder <u>moet</u> hul kind vergesel om korrekte inskrywing te verseker.

4.2 ‘n Identiteitsdokument/geboortesertifikaat (of ‘n fotokopie van een) word by inskrywing benodig.

5. **ONDERRIGGELDE BETAALBAAR**

Die bevoegdhede wat kragtens wet aan die Beheerliggaam toegesê word, sluit in die bevoegdheid om skoolgeld te hef en die betaling af te dwing (met inagneming van mindergegoede ouers) en te administreer. Die onderriggelde sal na deeglike oorweging vasgestel word en tydens inskrywing bevestig word.

Die onderrig- en koshuisgelde vir elke jaar, is uiteengesit op vorm 1A. (Sal voorsien word by inskrywings)

6. **SKOOLDRAG**

6.1 Om ‘n trots ten opsigte van die netjiese beeld van ons skool, en by die leerders op hul persoon aan te kweek, word vereis dat leerders die voorgeskrewe somer- en winteruitrusting sal dra.

Reeds op die eerste skooldag moet alle leerders geklee wees in die voorgeskrewe skooldrag en hul algemene voorkoms moet ‘n indruk van netheid skep – soos uiteengesit in die skool se gedragsreëls. Die netheid en korrekte skooldrag van leerders is die ouers se verantwoordelikheid.

6.2 **SKOOLDRAG**

6.2.1 **<u>DOGTERS</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Langbroek | : | Grys skoollangbroek |
| Hemp | : | Wit kort- of langmouhemp |
| Sokkies | : | (Geen mode- of sportsokkies)<br>Grys skoolsokkies by grys skoollangbroek (ander kleur sokkies sal deur leerder verwyder moet word) |
| Skoene | : | Gewone swart skoolskoene |
| Trui/moulose oortrek | : | Navy V-nek (plein sonder wapen) |
| Baadjie | : | Skoolbaadjie met skoolwapen (opsioneel) |
| Windbreker/Skooltop | : | Beskikbaar by skool (opsioneel) |
| Serp | : | Net plein navy blou (sonder strepe of patrone) (opsioneel). Nie toegelaat in werkwinkel. |
| Sweetpaktop | : | Beskikbaar by skool (opsioneel) |
| Mussie | : | Beskikbaar by skool (Navy blou met skoolwapen) (opsioneel) – dra slegs 2de en 3de kwartaal |
| Das | : | Beskikbaar by skool (opsioneel) |
| Ereklere (sport) | : | Net op Vrydae |

6.2.2 **<u>SEUNS</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Lang- of kortbroek | : | Grys met bruin of swart lyfband. Geen afgestikte broekspype.<br>(Geen groot of ornamentele gespes) |
| Hemp | : | Wit kort- of langmouhemp |
| Sokkies | : | Grys skoolsokkies (ander kleur sokkies sal deur leerder verwyder moet word) |
| Skoene | : | Swart of donkerbruin toeryg skoolskoene of swart of donkerbruin veiligheidskoene. (**Veiligheidskoene verpligtend vir alle jaarvlakke).** |
| Trui/moulose oortrek | : | Navy V-nek (plein sonder wapen) |
| Baadjie | : | Donkerblou skoolbaadjie met skoolwapen (opsioneel) |
| Windbreker/Skooltop | : | Beskikbaar by skool (opsioneel) |
| Serp | : | Net plein navy blou (sonder strepe of patrone) (opsioneel). Nie toegelaat in werkwinkel. |
| Sweetpaktop | : | Beskikbaar by skool (opsioneel) |
| Mussie | : | Beskikbaar by skool (Navy blou met skoolwapen) (opsioneel) – dra slegs 2de en 3de kwartaal |
| Das | : | Beskikbaar by skool (opsioneel) |
| Ereklere (sport) | : | Net op Vrydae |
| Navy T-hemp (werkswinkel) | : | Beskikbaar by skool |

6.2.3 Finale jaar balkie (by die skool beskikbaar) mag deur 4de jaar leerders aangeskaf word. Dit is egter 'n voorreg en slegs leerders, wie se gedrag deurgaans goed is, sal toegelaat word om dit te dra.

6.2.4 Oorpakke, voorskoot (Voedselproduksie en Haarkappery) en spuitverf maskers is <u>verpligtend,</u> en kan by die skool gekoop word om eenvormigheid te verseker. Indien leerders hul eie, soortgelyke, oorpakke dra, mag daar GEEN advertensies of ander afwykings wees nie.

Alle kledingstukke moet DUIDELIK GEMERK word. Oorpakke moet gereeld gewas word.

7. **SKOOLAKTIWITEITE**

7.1 **DAGROOSTER**

7.1.1 Skoolure: Maandae tot Donderdae 07:50 tot 14:30<br>
Vrydag 07:50 tot 13:40.

Leerders MOET betyds opdaag vir skool. Leerders wat na 08:30 opdaag sal nie op die skoolgronde toegelaat word nie.

L.W. Leerders wat ernstig oortree, word op detensie geplaas op vasgestelde tye.

7.1.2 Detensietye : Dinsdae en Donderdae : 14:30 tot 15:30<br>
Dinsdae en Donderdae : 14:30 tot 16:00 (Gemeenskapsdiens)<br>
Saterdae: 09:00 tot 12:00 (Prinsipaal Detensie)

7.1.3 Kantoorure: 07:30 tot 15:00

7.2 **KURSUSSE**

Onderrig geskied volgens die beginsels van Kurrikulum Assesseringsbeleid. Aanpassings word gemaak om by die leerders se vermoëns en behoeftes te pas. Die leerders volg 'n leerprogram met 'n vaardigheidskomponent. **Die kursus duur vier jaar**.

Eerste jaar: Vaardigheidsonderwys op rotasie basis vir 1ste en 2de kwartaal

Tweede jaar: Vaardigheidsonderwys

Derde jaar: Vaardigheidsonderwys

Vierde jaar: Vaardigheidsonderwys

7.3 **MEDIUM VAN ONDERRIG**

Die leerders word, sover moontlik, in parallelmediumklasse onderrig. Dit beteken dat Afrikaans- en Engelssprekende leerders in afsonderlike akademiese klasse onderrig word, indien die klasindeling so gedoen kan word. Daar is wel jaarliks enkele klasse wat dubbelmedium onderrig ontvang.

In die tegniese vakrigtings word leerders van beide taalgroepe noodwendig saam onderrig en word die taalvoorkeur deurgaans gehandhaaf.

Deurlopende evaluering word gebruik, daarom vorm al die take, deur die leerders verrig, deel van hul jaarpunt. Formele eksamens sal ook gedurende die 2de en 4de kwartaal geskryf word. Vorderingsverslae sal vir elke kwataal uitgegee word.

7.4 **VAKKE**

Die volgende leerareas word in geïntegreerde leerprogramme aangebied:

**AKADEMIES**

| | 1ste Jaar | 2de – 4de Jaar |
|---|---|---|
| 1 | Afrikaans | Afrikaans |
| 2 | Engels | Engels |
| 3 | Wiskunde | Wiskunde |
| 4 | Lewensvaardigheid bestaan uit | Lewensvaardigheid bestaan uit |
| | PSW, Skeppende Kunste en LO | PSW, Skeppende Kunste, LO en Natuurwetenskappe |

**TEGNIESE VAARDIGHEDE: (PRAKTIES EN PRAKTYKTEORIE)**

| | |
|---|---|
| Houtbewerking | Haarversorging |
| Basiese Sweis- en Metaalwerk | Voedselproduksie |
| Motorbakherstelwerk | Kantoorpraktyk |
| Voertuigspuitwerk | Vroeëkindontwikkeling |
| Instandhouding | |

8. **BOEKVOORSIENING**

Boeke/notas word deur die skool aan leerders verskaf.

Waar boeke verlore raak of beskadig word, word dit van die ouer verwag om die skool teen die aankoopprys te vergoed.

**Elke leerder moet 'n A4 ringleêr, huiswerkboek, 'n sakrekenaar, 'n meetkundestel en sy/haar eie skryfbehoeftes voorsien.**

9. **BOEKTASSE**

Die boektas is deel van die skooldrag en moet te alle tye netjies en skoon wees. Slegs stewige sakke met handvatsels of rugsakke met baie stewige versterkings binne word toegelaat. Op die buitekant mag slegs die leerder se naam geskryf wees. Geen slagspreuke, gekrap of plakkers mag op die tas aangebring word nie.

10. **SPORT**

Ons beveel aan dat leerders, wat fisiek gesond is, aan minstens een winter- en een somersportsoort moet deelneem.

10.1 Die volgende sportsoorte/vaardighede word (gedurende sportperiode) aangebied:

Somer (Kompeterend) – atletiek, krieket, tennis, skaak en toutrek
(Sport periode) – sokker, veerpyltjies, kultuur, kuns, naelversorging, handwerk, gevegskuns, edu-games en instandhouding

Winter (Kompeterend) – rugby, netbal, sokker, landloop en skaak
(Sport periode) – tennis, veerpyltjies, kultuur, kuns, naelversorging, handwerk, gevegskuns, edu-games en instandhouding

10.2 **SPORTDRAG**

| **SPORTSOORT** | **SEUNS** | **DOGTERS** |
|---|---|---|
| ATLETIEK | ▪ Donkerblou kortbroek<br>▪ Blou T-hemp/frokkie<br>(word deur skool uitgeleen) | ▪ Donkerblou kortbroek<br>▪ Blou T-hemp/frokkie<br>(word deur skool uitgeleen) |
| NETBAL | | ▪ Netbalrompie vir wedstryde word deur skool uitgeleen<br>▪ Netbalhemp word deur skool uitgeleen<br>▪ Wit sokkies (self aankoop)<br>▪ Sportskoene (self aankoop) |
| RUGBY | ▪ Rugbytrui en rugbykouse vir wedstryde word deur skool uitgeleen<br>▪ Donkerblou broeke (self aankoop)<br>▪ Rugbystewels (self aankoop) | |
| KRIEKET | ▪ Wit gholfhemp (word deur skool uitgeleen)<br>▪ Wit langbroek, wit sokkies<br>of<br>▪ Wit kortbroek, rugbykouse<br>▪ Sportskoene (self aankoop) | |
| TENNIS | ▪ Tennisdrag vir wedstryde word deur skool uitgeleen | ▪ Tennisdrag vir wedstryde word deur skool uitgeleen |
| TOUTREK | ▪ Toutrektrui vir kompetisies word deur skool uitgeleen<br>▪ Toutrekstewels (self aankoop)<br>▪ Donkerblou kortbroek (self aankoop)<br>▪ Rugbykouse (self aankoop) | ▪ Toutrektrui vir kompetisies word deur skool uitgeleen<br>▪ Toutrekstewels (self aankoop)<br>▪ Donkerblou kortbroek (self aankoop)<br>▪ Rugbykouse (self aankoop) |
| SOKKER | ▪ Sokkertrui, kortbroek en sokkies vir wedstryde word deur skool uitgeleen<br>▪ Sokkerstewels (self aankoop) | |
| LANDLOOP<br>Alle klere word deur die skool uitgeleen vir landloop. Dit sorg vir eenvormigheid. | ▪ Frokkie<br>▪ Donkerblou kortbroek<br>▪ Opwarm T-hemp<br>▪ Drafskoene (eie) | ▪ Frokkie<br>▪ Donkerblou kortbroek<br>▪ Opwarm T-hemp<br>▪ Drafskoene (eie) |

10.3 **VERENIGINGS EN AKTIWITEITE**

Om voorsiening te maak vir die individuele vermoëns, belangstellings en persoonlike ontwikkeling van ons leerders, bestaan daar die volgende verenigings en aktiwiteite waarby hulle kan aansluit: D4J, buiteklub, kuns, naelversorging, kultuur, skaak, handwerk, lees, edu-games en gevegskuns.

11. **HULP EN VOORLIGTING AAN LEERDERS**

Die onderwyser-voorligter en/of berader is op afspraak beskikbaar om leerders te help ten opsigte van persoonlike probleme, vakkeuse, studierigting, studie- en werkgeleenthede.

- Mnr Rodericks
- Mev Carstens

12. **OUERBETROKKENHEID**

Westcliff Skool het 'n Ouer-Onderwysersvereniging (OOV) wat verskillende aktiwiteite reël. Ons maak staat daarop dat u as ouers betrokke sal wees by u kinders se opvoeding. Die fondse wat gegenereer word, word aangewend vir behoeftige leerders.

13. **SKOOLKOSHUIS (Slegs vir seuns)**

Losiesgelde: Soos aangedui op die 1A vorm vir die koshuis. (sal voorsien word)

| | | |
|---|---|---|
| Telefoonnommers: | Matrone: | (021) 9483367 |
| | Superintendent: | (021) 9483367 |

## GEDRAGSKODE VIR LEERDERS: WESTCLIFF VAARDIGHEIDSKOOL

### BEKENDSTELLING

Die skool is toegewyd om ‘n leeromgewing te skep wat kwaliteit onderrig voorsien ten opsigte van:

- Om die regte en veiligheid van leerders, onderwysers – en ouers te bevorder.
- Om leerders verantwoordelikheid te leer ten opsigte van hul aksies en gedrag.
- Voorkoming van alle vorme van diskriminasie en bevooroordeling.
- Die uitroei van ontwrigtende en aanstootlike optrede sodat ‘n aangename atmosfeer geskep word.
- Geleenthede vir selfontwikkeling word geskep.
- Christelike beginsels word uitgeleef, maar ruimte word geskep vir ander gelowe.

Die gedragskode se doel is om voorskrifte te voorsien aan leerlinge ten opsigte van gedrag by die skool, die dissiplinêre stelsel wat ingestel is, is om oortredings aan te spreek.
Die gedragskode geld vir alle leerders terwyl hul op die skoolgronde of in skooluniform is, sowel as wanneer hulle die skool verteenwoordig by ‘n funksie, wedstryde, toere en uitstappies.

Afdeling 8(4) van die SA Skole Wet bepaal dat alle leerlinge wat ‘n bepaalde skool bywoon verbind is tot die gedragskode. Daar word verwag dat alle ingeskrewe leerders die gedragskode moet onderteken. Die administrasie van die gedragskode is die verantwoordelikheid van die Dissiplinêre Komitee van die skool.

### SKOOLREËLS

Die skoolreëls is daar gestel om dissipline en ‘n leeromgewing te skep om effektiewe onderwys te laat plaasvind. Niks sal ‘n leerder weerhou om die skoolreëls te gehoorsaam nie. Onkunde is nie ‘n verskoning om die reëls te verontagsaam nie.

A Algemene beginsels

B Skool- en klasbywoning

C Skoolklere en Algemene voorkoms

D Waardevolle- en Persoonlike besittings

E Algemene reëls

F Reëls ten opsigte van Publieke plekke

G Vervoer

H Skool Verrykings Program

I Beskerming van Geloofs- en Kulturele regte

J Dissiplinêre stelsel

### A ALGEMENE BEGINSELS

1. Leerders word gemaan om ten alle tye bedagsaam teenoor mekaar, die leerderraad (VRL), besoekers en onderwysers op te tree.

2. Leerders word gemaan om ten alle tye in gedrag en voorkoms verantwoordelik op te tree gedurende skoolure wanneer hulle die skool verteenwoordig. Leerders mag nie hulself of die skool diskrediteer nie.

3. Geen leerder het die reg om die leerproses deur hul gedrag of optrede te ontwrig nie. Leerders mag ook nie mede-leerders fisies of emosioneel skade aandoen nie.

4. Die skool hou hom die reg voor om ouers/voogde te kontak indien ‘n leerder se gedrag van so ‘n aard is dat dit ontwrigting veroorsaak. Daar word van die ouers verwag om in ‘n goeie vennootskap met die skool te wees, sodat probleme opgelos kan word.

## B SKOOL- EN KLASBYWONING

Ouers/Voogde, leerders, onderwysers en beheerliggaamlede is gesamentlik verantwoordelik dat leerlinge die skool bywoon.

1. Indien ‘n leerders nie gereeld skool bywoon nie, sal die ouers op ‘n daaglikse basis in kennis gestel word via ons sms-sisteem. Register- en werkwinkel onderwysers hou daagliks rekord.

2. Leerders moet betyds by die skool opdaag. Leerders wat laat is, sal afwesig gemerk word gedurende registerperiode aan die begin van die dag. Leerders wat laatkom moet aanmeld by ontvangs. Indien leerder gedurende die daaropvolgende periodes wel teenwoordig is, sal hy/sy as laat aangeteken word. ‘n sms sal aan ouer/voog gestuur word.

3. Leerder-afwesigheid uit ‘n klas of werkwinkel sonder toestemming is ontoelaatbaar.

4. Afwesigheid van leerders by die skool moet in die vorm van ‘n brief (e-pos) van die ouers/voog verduidelik word.

5. Indien ‘n leerder langer as 3 dae afwesig is, sal ‘n doktersertifikaat verlang word.

6. Afwesigheid gedurende assesseringsweke of eksamen moet deur ‘n doktersertifikaat verduidelik word. Briefie van ‘n ouer is nie aanvaarbaar nie. ‘n Doktersertifikaat moet ingehandig word indien leerder afwesig is tydens assessering. Nie inhandiging van ‘n mediese sertifikaat gedurende assesseringsweke of eksamens sal lei tot ‘n “0” punt.

7. Geen leerder mag die skoolgronde verlaat gedurende skoolure nie tensy ‘n spesiale versoek deur ouer/voog verleen is. Slegs die Hoof, Onderhoof, Voogonderwyser of Noodhulp onderwyser mag toestemming verleen as die ouers eers gekontak is. Leerders moet by ontvangs uitgeteken word.

8. Stokkiesdraai is ontoelaatbaar.

9. Alle leerders sal saalbyeenkomste bywoon vir die volle duur van die periode tensy verlof gegee word as gevolg van geloofsoortuiging.

## C SKOOLKLERE EN ALGEMENE VOORKOMS

1. Daar sal van leerders verwag word om die korrekte voorgeskrewe skooldrag te dra wat onder alle omstandighede skoon en netjies moet wees.

2. Geen addisionele kleredrag wat in teenstelling met die skooluniform is, sal gedra word nie. Gewone artikels/klere/juwele sal onmiddellik verwyder word en mag tot die einde van die kwartaal gehou word. **Leerders wat weier om gehoor te gee, sal huis toe gestuur word nadat ouers gekontak is.**

3. Persoonlike higiëne word elke dag van elke leerder verwag.

4. Indien maskers deur owerhede vereis word, moet maskers ten alle tye volgens owerheidsprotokol gedra word.

### MEISIES

1. Hare
   Haarlengte (agter) mag nie langer as onderkant die kraag wees nie. Indien dit wel langer is, moet die hare netjies vasgemaak of vasgesteek word. Indien hare korter as die voorgeskrewe lengte is, maar dit vertoon onnet, moet dit vasgemaak word. Hare moet teen die kop vasgemaak word – los poniesterte word nie toegelaat nie. “**Braided**” hare moet dieselfde kleur as leerder se hare wees en netjies vasgemaak word. **Haarkappery leerders – geen “braided” hare word toegelaat.**

   Hare moet skoon en netjies versorg word. Vreemde haarstyle is verbode.
   Kort hare moet in ‘n netjiese styl geknip wees. Geen uitspattighede/gekleurde hare sal toegelaat word nie. Gekleurde hare sal teruggekleur moet word.

Haarversierings

- Gewone haarknippe of –kammetjies en kopband (wit, navy blou of swart).
- Geen blinkers, blommetjies, skoenlappers of enigiets van die aard is toelaatbaar nie.
- “Braided” hare mag nie krale of tooisels bevat nie.

Onder geen omstandighede mag hare voor/tydens of na skool losgemaak word terwyl ‘n meisie in skooluniform geklee is nie. (Uitsondering vir Haarkappery leerders op ‘n Vrydag.)

2. Juwele
Geen juwele soos ringe, armbande (rekkies óf leer) of kettings word toegelaat nie. Slegs *Medic Alert* bandjies en polshorlosies word toegelaat. Die dra van liggaamsjuwele, soos neus-, tong- en wenkbroujuwele, is verbode. Wat oorringe vir dogters betref, mag slegs een goue of silwer knoppie of standaard- goue of silwer ringetjie per oor gedra word, en wel in die onderste gaatjie indien daar meer as een is.

3. Naels en grimering
Geen leerder mag met naellak en/of grimering na die skool kom nie. Slegs naellak en/of grimering wat by die skool in die haarkappery klas aangesit is mag vir die dag aangehou word. Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie. Geen maskara, oogomlyner, blosser of onderlaag mag gedra word nie. Geen grimering mag permanent of semi-permanent aangebring word nie. Deurskynende naellak mag gedra word.

**SEUNS**

1. Hare
Hare moet te alle tye kort, netjies en natuurlik vertoon. Geen uitspattighede/modes sal toegelaat word nie. Hare mag nie gekleur word nie. Geloof/lewenstyle is nie noodwendig rede tot alternatiewe haarstyle nie.

2. Baarde en snorre
Geen baarde, snorre of kantbaard sal toegelaat word nie. Leerders wat oortree, sal by die skool moet skeer – skeermesse word verskaf teen R5,00 elk.

3. Juwele
Geen versierings van watter aard ook al sal by seuns toegelaat word nie. Slegs *Medic Alert* bandjies en polshorlosies word toegelaat.
Verbode items sal gekonfiskeer word.

4. Naels
Vingernaels moet kort, netjies en skoon wees.
Lang pinkie naels is nie deel van geloofsoortuiging nie.

5. Gedurende “civvie” (slenterdrag) dae moet leerders nogsteeds netjiese klere dra. Stranddrag, noupassende drag of drag wat ontblotend van aard is, sal nie toegelaat word nie. Hare, skoene en bykomstighede moet altyd netjies wees.

6. Gekleurde kontaklense en sigbare tatoeëerings word nie toegelaat nie.

7. Geen leerder sal huis toe gestuur word gedurende skoolure om droë skoolklere aan te trek nie. Nat klere kan ook nie by die skool droog gemaak word nie.

8. Slegs leerders wat aansoek gedoen het met die nodige gestaafde dokumente en toestemming verkry het van die Beheerliggaam van die skool mag afwyk van die skooldrag, weens geloofs- en kulturele redes soos gestaaf in afdeling I van die gedragskode.

## D KOSBARE EN PERSOONLIKE BESITTINGS

Die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir diefstal of skade van persoonlike besittings op die skoolterrein nie (bv. Selfone, geld, waardevolle artikels, tasse, boeke en klere). Die leerder kan geld of waardevolle artikels by die registeronderwyser of adjunkhoof inhandig vir veilige bewaring durende die skooldag. Ouers moet sorg dat klere en artikels duidelik gemerk is.

1. Leerders moet verhoed om groot bedrae geld, selfone en kosbaarhede skool toe te bring.

2. Selfone

2.1 **Alle selfone moet afgeskakel wees, tydens klastyd.**

2.2 Selfone is die ouer/voog en die leerder se eie verantwoordelikheid. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid as 'n selfoon verlore gaan by die skool nie.

2.3 Sou 'n leerder 'n selfoon skool toe bring moet hy/sy dit inhandig by die registeronderwyser wat dit in 'n kluis sal toesluit. Dit sal weer aan die einde van die dag terug gegee word. Selfone moet duidelik gemerk wees.

2.4 Indien selfoon nie ingehandig word nie, sal die skool geen verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.

2.5 Selfone wat by leerders gesien word gedurende klastyd sal dadelik gekonfiskeer word. Dit word in die kluis toegesluit en besonderhede word in 'n rekordboek aangeteken. Leerders ontvang die selfoon na 5 skooldae terug, nadat hy/sy daarvoor geteken het.

2.6 Verlore/gesteelde selfone moet volgens wet by die polisie aangemeld word.

2.7 Die gebruik van selfone om foto's of videos te maak op die skoolterrein is streng verbode. Die verspreiding en publikasie van videos en foto's op sosiale media is ook streng verbode. Kuberafknouery is streng verbode. Video-oproepe verbode.

3. Sou 'n ouer skoolfonds of enige geld saam met sy/haar kind skool toe stuur, moet dit inbetaal word by die finansiële beampte voor die skooldag begin of tydens registerperiode.

4. Reëlings moet getref word met die onderwyser in beheer van 'n sport om kosbaarhede veilig te hou gedurende bv. sportperiode.

5. Verbode items soos: kougom, tippex, rookmateriaal, verdowingsmiddels, alkohol, skerp voorwerpe, wapens, juweliersware, grimering, selfone, rekenaarspeletjies "walk-mans", iPods of soortgelyke elektroniese toerusting/apparate sal gekonfiskeer word.

## E ALGEMENE REËLS

1. Klaswisseling moet vinnig, ordelik en stil geskied. Leeglêery of spelery in die gange, trappe of by die toilette is verbode. Gedurende VAARDIGHEIDSPERIODE beweeg geen leerder tussen skoolgeboue nie. Slegs sportdeelnemers mag buite klaskamers wees.

2. Alle rommel moet in dromme gegooi word.

3. Kwaadwillige beskadiging of vandalisme van skooleiendom of eiendom van ander leerders en of onderwysers deur daarop te skryf of fisies van aard is verbode. Diefstal by skool en op skoolterrein asook privaateiendom van individue is streng verbode. Hierdie oortreding word as 'n kriminele oortreding beskou wat tot skorsing/motivering tot uitsetting kan lei. Enige opsetlike skade aan skooleiendom sal van leerders of hul ouers verhaal word.

4. Enige poging om af te skryf gedurende klas, huiswerk, assesserings of eksamens is verbode, so ook die leen en afskryf van ander se werk.

5. Ontwrigtende, ongedissiplineerde, onbeskofte en/of aanstootlike gedrag sal nie geduld word nie. Leerders wat klas ontwrig, mag vir 'n afkoel periode, buite die klas geplaas word. Leerders sal in so 'n posisie wees dat hulle wel die werk kan volg.

6. Die inhandiging van werk op bepaalde tye is die verantwoordelikheid van elke leerder. Werk wat nie ingehandig word nie, sal nie gemerk word nie en sal ‘n “0” punt tot gevolg hê.

7. Leerders sal ander se geloof, kultuur, waardigheid en regte respekteer, sowel as hul privaatheid en vertroulikheid.

8. Veiligheidsmaatreëls moet baie streng in klaskamers sowel as in werkwinkels nagekom word.

9. SEKURITEIT: Lede van personeel sal op terreindiens wees vanaf 07:40 soggens. Gedurende pouses is daar vier personeellede wat terreindiens doen. Die personeel aan diens word deur die leerderraad bygestaan. Die skoolgronde en –geboue word gedeeltelik gedek deur veiligheidskameras (CCTV).

10. Onaanvaarbare taalgebruik, diskriminasie of rassisme sal nie geduld word nie.

11. Gedrag wat lei tot vernedering teenoor ander kulture, gelowe of rasse is verbode.

12. Alle leerders het die reg tot ‘n opvoeding, vry van intimidasie of fisiese geweld. Bedreiging of bakleiery sal nie geduld word nie. Geen afknouery sal toegelaat word nie. Onderwysers mag fisies tussen beide tree, ten einde fisiese geweld tussen leerders te stop.

13. Leerders mag nie enige aksie van geweld inisieer, aanmoedig of daaraan deelneem nie. Leerders wat oortree word huis toe gestuur nadat die ouer/voog in kennis gestel is en ‘n dissiplinêre prosedure word in werking gestel, wat tot skorsing/motivering tot uitsetting kan lei.

14. Geen bende bedrywighede, groepvorming of deelname daaraan word op terrein toegelaat nie.

15. Leerders sal VRL leerders respekteer. VRL lede se gedrag moet van so aard wees dat hul eer aan hul amp toon. Hy/Sy sal die regte van leerlinge eerbiedig en nie misbruik maak van hul amp nie.

16. Die besit, kopieëring of lees van onwelvoeglike materiaal soos pornografie is verbode.

17. Handeldryf: Niks mag op die skoolgronde gekoop of verkoop word sonder die skoolhoof se toestemming nie.

18. Leerders moet areas vermy wat afgebaken is. Dit sluit in:

18.1 Personeel voertuie.

18.2 Tennisbane, netbalbane en swembad tensy daar amptelik gereël word deur ‘n onderwyser en dan slegs onder toesig.

18.3 Elektriese bokse, brandblussers en tuinslange moet alleen gelaat word.

18.4 Parkeer areas, tensy eie vervoer gebruik word.

18.5 Geen leerder word in personeelkamer toegelaat nie.

## F REËLS OOR OPENBARE AREAS

Die skool is ‘n plek van veiligheid waar wetgewing, wat in openbare areas geld, ook van toepassing is op die gronde.

1. Geen gevaarlike voorwerpe of onwettige dwelms insluitend drank, soos voorgeskryf deur die SA Skole Wet of die Veiligheid Regulasie, sal op die skoolterrein gebring of gebruik word nie, tensy deur die prinsipaal gemagtig vir opvoedkundige doelwitte. Gevaarlike voorwerpe sluit in: messe, vuurwapens of enige ander voorwerpe wat skade kan berokken.

2. Gevaarlike voorwerp(e) word dadelik gekonfiskeer. Dit word nie weer aan ‘n leerder teruggegee nie. Ouers sal verwittig word indien nodig. Leerder kan ook onmiddellik huistoe gestuur word.

3. Die besit, rook of handeldryf van sigarette op die skoolgrond is verbode.

4. Drank gebruik word nie op die skoolterrein of gedurende uitstappies toegelaat nie.

5. Die besit van of gebruik van enige vorm van ontwettige dwelms word nie toegelaat nie.

6. Geen leerder onder die invloed van ‘n verbode middel sal op die skoolgronde toegelaat word nie.

## G VERVOER

Leerders wat motorfietse of motors op die skoolgronde wil parkeer moet toestemming van die prinsipaal kry en gebruik maak van bepaalde areas toegewys. Bewys van lisensie moet aansoek vergesel.

1. Alle voertuie, motorfietse, motors of fietse word op eie risiko deur leerders geparkeer.

2. Bepaalde areas wat toegewys word aan leerlinge moet gebruik word. Fietse moet toegesluit in die fietshokke gelaat word.

3. Leerders met bestuurslisensies mag met voertuie skooltoe kom, maar moet uiters versigtig wees. Roekeloosheid sal nie geduld word nie. Slegs gelisensieerde motorfietse/motors sal toegelaat word.

4. Fietse/motorfietse/motors mag nie op die skoolterrein gery word nie. Motors/motorfietse moet buite skoolterein gelaat word.

5. Die gedragskode van die skool bly in werking as leerders van of na die skool vervoer word.

6. Leerders mag nie “duimgooi” terwyl hulle skoolklere/sportklere aan het nie.

## H SKOOLVERRYKINGSPROGRAM

Die betrokkenheid by die skoolverrykingsprogram (sport en kultuur) vorm deel van die integrale- en holistiese opvoeding van elke leerder. Daar word dus van alle leerlinge verwag om aan een van die sporte of kultuur aktiwiteite per kwartaal deel te neem.

1. Daar word van die leerling verwag om die korrekte etiket ten opsigte van sy/haar verkose aktiwiteit te toon en te handhaaf.

2. As ‘n leerder sy/haar keuse uitgeoefen het ten opsigte van ‘n aktiwiteit, moet hulle toegewyd wees aan die reëls en verpligtinge van die aktiwiteit.

3. Betrokkenheid by ‘n bepaalde aktiwiteit moet vir die hele duur wat die aktiwiteit aangebied word teenwoordig wees.

4. Teenwoordigheid by die aktiwiteit is verpligtend. Indien oefeninge gemis word sonder ‘n geldige skriftelike verskoning van die leerder se ouers mag dit lei tot skorsing van die betrokke span.

5. Toepaslike drag/uniform sal gedurende oefeninge vereis word.

6. Die korrekte uniform/drag sal gedurende wedstryde gedra word.

7. Leerders wat na ‘n wedstryd vervoer word sal in hul sportklere of skooluniform geklee wees, hangend die afrigter se besluit.

8. Sporttoerusting of enige sportdrag sal in gepaste sakke gedra word.

9. Leerders wat by die skool deelneem mag in hul sportdrag opdaag by die velde.

## I AKKOMMODASIE VAN GELOOFS- EN KULTURELEREGTE

Geloofspraktyke en verpligtinge van erkende gelowe wat in teenstelling met die gedragskode is, sal geakkommodeer word deur die gedragskode in samewerking met die beheerliggaam onder die volgende voorwaardes:

1. Die leerder en ouers/voog sal moet aansoek doen vir die afwyking van die standaard skoolreëls indien die reëls inbraak maak op hul geloofsregte.

2. Die aansoek moet skriftelik wees en moet die spesifieke reël/reëls aanhaal wat teenstrydig is met sy/haar geloofsregte soos bepaal deur die Konstitusie van Suid-Afrika.

3. Die aansoek moet ‘n redelike interpretasie van die geloofsregte bevat wat die leerder se regte skend en voorstelle oor hoe die reël oorkom kan word om die beheerliggaam te help om sodoende die leerling te akkommodeer.

4. Die leerer moet bewys lewer dat hy/sy aan ‘n spesifieke geloof behoort. Reëls en verpligtinge wat in teenstelling is met die skool se gedragskode moet aangedui word.

5. Die geloofspraktyke moet nie teenstrydig met die Nasionale Wet wees nie.

6. Die beheerliggaam moet die aansoek oorweeg. Indien die aansoek nie teenstrydig is in terme van die Konstitusie nie, mag verlof skriftelik verleen word.

7. Indien die beheerliggaam die aansoek goedkeur moet die besluit berus op kern – geloofswaardes en is die leerder verplig om die waardes uit te leef.

8. Die afwyking van die gedragskode moet gespesifiseer word in watter mate dit afwyk bv. dra van ‘n koptulband, insluitend kleure en besonderhede, die groei van ‘n baard of die dra van ‘n spesifieke haarstyl of juwele – en die omstandighede waaronder die afwyking van toepassing is op die leerling.

9. Kulturele regte sal oorweeg word, selfs al is dit nie aan ‘n geloof gekoppel nie, indien die kulturele regte manifesteer in die vorm van permanente merke/tradisie wat verpligtend is volgens hul kultuur/tradisies. Dit verwys na gevalle waar die verwydering van kulturele juwele erge pyn aan die leerder sal beteken. Gewoonlik word kulturele regte uitgebeeld in die vorm van merke of is tydelik na gelang van kulturele byeenkomste. Die leerder/ouers moet die beheerliggaam oortuig dat sy/haar kulturele regte slegs deur ‘n permanente intervensie uitgeleef kan word.

10. Enige aansoek om af te wyk van die skool se gedragskode moet gebaseer wees op kulturele regte en moet op skrif gesit word en voldoen aan die reëls soos hierbo uiteengesit is.

## J DISSIPLINÊRE STELSEL

In Westcliff wil ons ten alle tye goeie orde handhaaf.

ETIESE KODE - GOEIE ORDE

Beginsel waarop die stelsel berus:

| | |
|---|---|
| RESPEK | EERLIKHEID |
| BETROUBAARHEID | VERANTWOORDELIKHEID |
| OMGEE | LOJALITEIT |
| REGVERDIGHEID | BURGERSKAP |

Wanneer enige van hierdie beginsels versteur word, word goeie orde versteur. Die skool dra die kind se belange op die hart en ons maak staat op die volle samewerking van die ouers/voogde.

1. **WANGEDRAG**

Kategorie A: Minder ernstig
*Opvoeder in klaskamer/werkwinkel hanteer die probleem. Opvoeder besluit self wanneer dit nodig is om ouer te kontak.*

Kategorie B: Meer ernstig
*Opvoeder hanteer die probleem. Ouer sal in sommige gevalle of by herhaling van die probleem gekontak word.*

*Kategorie C: Baie ernstig*
*Voogopvoeder/Adjunkhoof/Skoolhoof hanteer die probleem. Ouer sal gekontak word. Skoolhoof sal in samewerking met die voogopvoeder en die Skool Gebaseerde Ondersteuningspan (SGOS) besluit watter leerders se name aan die dissiplinêre kommitee ingegee sal word. As dit nodig is, kan hulle die leerder verwys word na die Beheerliggaam vir volle verhoor of terapie.*

*2.* ***PROSEDURE***

Stap 1: Vir minder ernstige oortredings sal die opvoeder die probleem hanteer en seker maak dat die leerder verstaan wat hy/sy verkeerd gedoen het en wat die alternatiewe optrede behoort te wees.

Onderwysers mag fisies tussen beide tree, ten einde fisiese geweld tussen leerders te stop.

Stap 2: Vir meer ernstige of herhalende oortredings mag die opvoeder, verantwoordelik vir die hantering van die spesifieke probleem, die gedragsvorm voltooi. Hy/sy maak seker dat die leerder verstaan wat die probleem is. Die leerder teken dat hy/sy kennis neem van die inhoud van die vorm. Indien leerder nie wil teken nie, sal 'n ooggetuie wel teken. Die betrokke opvoeder dra ook die toepaslike straf, indien nodig, aan die leerder oor.

Leerders wat klas ontwrig, mag vir 'n afkoel periode, buite die klas geplaas word. Leerders sal in so 'n posisie wees dat hulle wel die werk kan volg.

Stap 3: Die inligting van die oortreding word op rekenaar geplaas. Die toepaslike punte word outomaties aangedui en die vorm word in die leerder se gedragslêer geliasseer.

Stap 4: Leerders, wie se gedrag nie na wense is nie en se telling -50 of meer beloop, se ouers sal 'n detensiebrief ontvang. Hierdie detensiebrief moet op die dag van die detensie ingehandig word. Indien wangedrag voortduur sal ouers versoek word om die skool te besoek ten einde die probleem te bespreek.

Stap 5: Alle ouers ontvang aan die einde van elke kwartaal 'n verslag oor die gedrag van hul kind.

Stap 6: Positiewe punte (+15) kan verdien word vir verbeterde gedrag sowel as positiewe reaksie op die 8 karakterbou pilare, wat ons probeer bevorder by die leerders.

**Betroubaarheid** **Respek** **Verantwoordelikheid** **Regverdigheid**

**Omgee** **Burgerskap** **Eerlikheid** **Lojaliteit**

3. **DETENSIE**

- Ouers moet asseblief kennis neem dat leerders wat herhaalde en ernstige oortredings begaan, op Dinsdae en Donderdae van 14:30 tot 15:30 op detensie geplaas sal word. Moontlike detensie ook op Saterdae vanaf 09:00 – 12:00 (skoolhoof se detensie)

- Leerders met punte van -50 of meer sal op detensie geplaas word.

- Ouers/voogde sal vooraf skriftelik ingelig word. Die brief moet onderteken word deur die ouer/voog en op die detensiedag saam met die leerder skool toe gestuur word. Dit is die leerder se plig om te sorg dat detensiebriewe geteken en terugbesorg word aan die skool. Dit is die ouers/voogde se verantwoordelikheid om vervoerreëlings aan te pas. Indien ‘n leerder afwesig is, of nie vir detensie opdaag nie, sal hy/sy op die daaropvolgende detensiedag, die detensie inhaal.

- Indien leerder detensie “bunk”, sal ’n ekstra -50 punte by sy dissiplinêre verslag gevoeg word (ekstra detensie).

- Indien ‘n leerder herhaaldelik van die detensie wegbly, sal ‘n voorgeskrewe prosedure in werking gestel word deur die skoolhoof (Gemeenskapsdiens). Hierdie prosedure betrek die leerder sowel as die ouer/voog en kan tot skorsing lei.

- Dissiplinêre punte moet afgewerk word (-50 of meer) voor eksamens begin.
  Leerders wat oortree, word gestraf deurdat hul sekere dae nie toegelaat word om vroeër huis toe te gaan gedurende die eksamentyd nie. Hulle sal dus eksamen moet skryf nadat die ander leerders huis toe is. Ouers word per brief in kennis gestel.

- Wanneer ‘n leerder ‘n detensieklas bywoon, sal 50 punte van sy dissiplinêre verslag afgetrek word.

- ‘n Verdere 20 punte kan afgetrek word indien die leerder:
  - betyds opdaag;
  - die detensie-werkopdrag netjies voltooi;
  - goeie gedrag openbaar tydens die detensieklas;
  - getekende detensie brief teruggebring het.
  - Skoolhoof diskresie (50 punte) kan ook vir positiewe gedrag verdien word.
  - Positiewe punte kan deur goeie en verbeterde gedrag verdien word.

14. **DWELMS- EN DRANK**

<u>Definisie - Dwelms</u>

Enige middel wat die normale manier waarop die liggaam of brein funksioneer verander. Dit sluit voorgeskrewe en oor-die-toonbank medisynes in, asook tabak en alkohol, oplosmiddels en ander chemiese middels en onwettige dwelms soos dagga, tik, LSD, heroïen, kokaïen, ens.

<u>Dwelmhandel</u>

Verkoop, uitruil, verskaffing van dwelms, ens.

15. **BELEID TEN OPSIGTE VAN ALKOHOL EN ANDER DWELMS**

Die skool se beleid ten opsigte van dwelms en drank is dat alle lede van die skoolgemeenskap deur hulle optrede en voorbeeld moet wys dat hulle die onvanpaste gebruik van alkohol en ander dwelms afkeur. **Ouers moet die skool ondersteun in die verband.**

Hierdie beleid is van toepassing terwyl ‘n leerder in skooldrag is of deelneem aan ‘n aktiwiteit wat deur die skool ondersteun word en wanneer hy/sy by enige openbare plek is waar hy/sy moontlik deur die publiek as ‘n leerder van die skool geïdentifiseer kan word.

Die skool verbied leerders die volgende:

- Die gebruik van verbode middels by die skool of tuis;
- Die onvanpaste gebruik van voorgeskrewe en/of nie-voorgeskrewe medisynes, oplosmiddels en/of ander chemiese middels;
- Die gebruik van alkoholiese drank of die rook van tabak en ander dwelms;

- Die besit van dwelmverwante toebehore soos sigaretpapiere, pype, e-sigarette ens.;
- Om onder die invloed van alkohol en/of ander dwelms te wees.

**BELEID**
Ons doel is om te verseker dat wat ons doen tot ons leerders se voordeel strek en ons wil sorg dat ons benadering tot dwelm-/drankverwante aangeleenthede ondersteunend van aard is.

Die skool se standpunt is dat chemiese afhanklikheid 'n primêre, chroniese en progressiewe siekte is, dat die misbruik van middels onaanvaarbaar is en dat 'n gesonde, dwelmvrye lewe te alle tye aangemoedig moet word.
In gevalle waar die leerder en ouers nie gebruik wil maak van die hulp wat hulle aangebied word nie, sal die skool stappe doen soos wat nodig geag word, en dit sluit skorsing/uitsetting in.

Ons verstaan die volgende:
- Ons is in vennootskap met die ouers/voogde om die beste vir hulle kinders te verseker;
- 'n Groot verskeidenheid gewoontevormende middels, wettig en onwettig, is binne ons gemeenskap beskikbaar en ons kinders word daaraan blootgestel;
- Die misbruik van middels is nadelig vir mense op verskillende vlakke: sosiaal, sielkundig, fisiek, geestelik, ens.;
- Ons moet ons jongmense toerus, sodat hulle minder kwesbaar vir die misbruik van middels is en beter toegerus kan wees om die lewe en sy uitdagings te hanteer.

15.1 **VOORKOMING**
Die skool onderneem om:
- Voorkoming- en inligtingsessies vir alle leerders, ouers/voogde en leerkragte aan te bied. Daar sal van ouers verwag word om finansiëel hiertoe by te dra.

- Buite-organisasies en individue te betrek as deel van 'n spanbenadering;
- 'n Gesonde, dwelmvrye lewe met woord en daad te ondersteun.

15.2 **MISBRUIK VAN MIDDELS**
Dis streng verbode om enige middel, wat gewoontevormend is of tot buierigheid lei en nie deur 'n dokter voorgeskryf is nie, te gebruik.

15.3 **DWELMHANDEL**
Dis 'n misdaad om met sommige dwelms handel te dryf. As enige leerder van onwettige dwelmhandel verdink of daarvoor aangekeer word, sal die skool die saak ondersoek en dit, indien nodig, na die SAPD verwys.

15.4 **STAPPE WAT SKOOL SAL NEEM INDIEN 'N LEERDER DIE DWELMBELEID VERONTAGSAAM**

Elke saak sal individueel beskou word en vertroulik hanteer word.

- Die skool behou hom die reg voor om sonder vooraf waarskuwing, 'n leerder te ondersoek en/of te toets volgens voorgeskrewe prosedures soos beskryf in Afdeling 8a van die Suid-Afrikaanse Skolewet (soos gewysig in Seksie 8A van Wet 31 van 2007).

- Indien leerders dwelms gebruik, positief toets of betrap word met dwelms in hul besit, mag die polisie in kennis gestel word.

- By 1ste oortreding, sal ouers onmiddellik in kennis gestel word en leerder sal huis toe gestuur word. Die leerder mag die volgende dag terugkeer skool toe, mits hy/sy vergesel word deur sy/haar ouers.

- By 2de oortreding sal leerder huistoe gestuur word - hy/sy moet saam met ouers/voog terugkom skool toe. Hy/Sy sal dan vir 5 skooldae geskors word.

- Die leerder mag slegs terugkom skool toe, indien die ouers hom/haar vergesel en 'n afspraak met die opvoeder/s in beheer van dwelmtoetse maak.

- As die leerder na 22 dae weer positief toets of erken dat hy/sy weer dwelms gebruik het, sal ouers onmiddellik in kennis gestel word, en die leerder word dadelik huis toe gestuur. Hy/Sy kan slegs terugkeer met 'n bewys dat hy/sy negatief toets. By terugkeer behou die skool die reg om leerder te toets.

- Indien hy/sy ná rehabilitasie op enige stadium gedurende sy/haar skoolloopbaan by Westcliff Skool weer positief toets, word hy/sy onmiddellik huis toe gestuur en na die Beheerliggaam van die skool verwys vir moontlike uitsetting.

- Westcliff Skool behou hom die reg voor om sodanige leerder enige tyd, wanneer die vermoede bestaan dat hy/sy nog steeds of weer by dwelmmisbruik betrokke is, weer te laat toets.

- Die ouers sal verantwoordelik gehou word vir koste verbonde aan toetsing en/of rehabilitasie, indien die leerder positief by die skool getoets word. Dagga toets R25.00, multi dwelm toets R50.00.

- Die skool behou hom die reg voor om aan te beveel dat, indien dit in die leerder en/of die skool se beste belang is, so 'n leerder iewers anders heen verwys word om sy/haar skoolloopbaan te voltooi.

**16. VIGS BELEID**

16.1 **INLEIDING**
Alle leerders, opvoeders en ouers van hierdie skool onderneem om die MIV/VIGS beleidsdokument te ondersteun. Dit is hierdie skool se beleid om 'n effektiewe voorkomingsprogram te implimenteer en 'n ondersteunende houding te handhaaf t.o.v. die skoolgemeenskap.

16.2 **NIE-DISKRIMINASIE**
Daar sal nie teen leerders of opvoeders met MIV/VIGS gediskrimineer word nie.

16.3 **MIV/VIGS TOETSING**
Die skool vereis of verlang nie toetsing vir MIV/VIGS vir toelating as leerder tot die skool of aanstelling as personeellid verbonde aan die skool nie.

16.4 **SKOOLBYWONING VAN LEERDERS MET MIV/VIGS**
Hierdie skool sal leerders met MIV/VIGS akkommodeer so ver dit prakties moontlik is en die leerder laat baat vind by onderrig.

16.5 **VRYSTELLING VAN SKOOLPLIG WEENS MIV/VIGS**
Ouers of wettige voog(de) moet die skoolhoof skriftelik in kennis stel t.o.v. die versoek om die leerder van skoolplig vry te stel. (Afdeling 4(1) Skolewet 1996). Die versoek moet vergesel wees van 'n geldige mediese sertifikaat. Die versoek moet hanteer word in ooreenstemming met die bestaande wetgewing.

16.6 **TUISONDERRIG**
Indien die leerder MIV/VIGS ongeskik raak om skool by te woon, sal die skool die skoolwerk aan die leerder beskikbaar stel en moet dit afgehaal word by die skool, sodat die leerder tuis onderrig kan word. (Afdeling 51 Skolewet 1996).

16.7 **SKOLE: LEERDERS MET SPESIALE ONDERWYSBEHOEFTES**
Die MIV/VIGS-status van 'n leerder mag nie as rede aangevoer word vir toelating tot 'n klas of 'n skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes nie.

16.8 **OPENBARING VAN MIV/VIGS-STATUS**
Geen leerder of ouer van leerder of opvoeder word verplig om hul MIV/VIGS-status bekend te maak nie. Dit kan vrywillig en op eie risiko aan die skoolhoof bekend gemaak word. Die skoolhoof sal dit vertroulik hanteer en slegs aan opvoeders bekend maak met die ouers se skriftelike goedkeuring. Indien hierdie stappe nie deur ouers/voogde nagekom is nie, kan die skool en skoolpersoneel nie regtelik aanspreeklik gehou word nie.

16.9 **VEILIGHEIDSMAATREËLS**
In die algemeen moet alle redelike, veiligheidsmaatreëls in ooreenstemming met bestaande mediese praktyk t.o.v. MIV/VIGS deur alle opvoeders en leerders toegepas word.

16.10 **VOORKOMSMAATREËLS**
Wat sport en ander moontlike risikodraende aktiwiteite betref, moet beoefening van sport en sodanige aktiwiteite plaasvind onderhewig aan die bestaande mediese praktyk t.o.v. MIV/VIGS. Leerders met MIV/VIGS kan toegelaat word om byvoorbeeld aan sport en moontlike risikodraende werkswinkelaktiwiteite deel te neem, indien 'n geldige doktersertifikaat, wat sodanige deelname aanbeveel, van 'n mediese dokter verkry word.

16.11 **OPVOEDING MET BETREKKING TOT MIV/VIGS**

Leerders, ouers en opvoeders sal deurlopend blootgestel word aan opvoeding met betrekking tot MIV/VIGS. Hierdie opvoeding sal so ver moontlik gebaseer wees op die mees onlangse kennis oor MIV/VIGS.

16.12 **SKOOLBYWONING VAN LEERDERS MET MIV/VIGS**

Leerders met MIV/VIGS is normaal skoolpligtig. Leerders wat weier om skool by te woon op grond van hulle MIV/VIGS-status, sal aanvanklik vir berading verwys word en indien sodanige berading nie die skoolbywoning normaliseer nie, onderhewig wees aan die gewone dissiplinêre stappe van die skool.

16.13 **IMPLEMENTERING IN DIE SKOOL**

Die implementering van 'n MIV/VIGS-, seksualiteits- en lewensvaardigheidsprogram, sal in die skool plaasvind op die wyse soos goedgekeur deur die Beheerliggaam van die skool.

16.14 **GESONDHEIDSADVIESKOMITEE**

Die Beheerliggaam sal een van sy lede spesifiek aanstel as gesondheidsadviseur ten opsigte van alle gesondheidsaspekte en spesifiek ook aspekte rakende MIV/VIGS. Die aangewese lid sal 'n gesondheidskomitee saamstel, bestaande uit opvoeders en leerders. Die voorsitter van die gesondheidskomitee moet verkieslik iemand met 'n mediese agtergrond wees. Die komitee sal verantwoordelikheid aanvaar vir die MIV/VIGS-beleid van die skool en die implementering daarvan.

16.15 **SLOT**

Hierdie beleidsdokument is onmiddellik van krag en sal aan alle leerders, opvoeders, ander personeellede en ouers bekend gemaak word. Hierdie dokument diskrimineer op geen wyse nie en is in ooreenstemming met algemene menseregte en in die belang van alle persone insluitende diegene met MIV/VIGS.

17. **ONGEVALLE VERSEKERING VIR LEERDERS**

Dit gebeur soms dat beserings deur leerders opgedoen word gedurende normale skoolure asook tydens die beoefening van buitemuurse bedrywighede. Die Beheerliggaam het besluit dat die skool by 'n versekeringskema moet inskakel. Persoonlike Ongevalleversekering verwys na die skadeloosstelling van sodanige mediese kostes aangegaan as gevolg van beserings deur leerders. Die dekking neem in aanvang wanneer die leerder die skoolterrein betree.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Dood | R5 000 |
| 2 | Permanente ongeskiktheid:<br><br>Verlies van volle hand of voet by enkel of verlies van sig van een oog.<br><br>Enige ander verlies soos van vingers en tone word volgens 'n kontinentale skaal op 'n persentasie basis geskik:<br><br>Verlies van duim by albei litte 25 % van<br><br>As slegs een lit verloor word 10 % van | <br><br>R5 000<br><br><br><br>R5 000<br><br>R5 000 |
| 3 | Mediese koste ten bedrae van | R3 000 |

LET WEL: Hierdie versekering vervang nie u mediese hulpskema nie.

Persoonlike ongevalle dekking vir leerders van hierdie skool is op die volgende basis gereël:

Leerders is slegs gedek gedurende skoolure of wanneer hulle deelneem aan aktiwiteite van die skool, speel of deelneem aan sport waar dit deur die skool georganiseer word.

Vervoer van leerders deur ouers van of na die skool, of leerders wat op hulle eie wyse by die skool uitkom, is nie gedek nie.

Mediese fonds: Ouers wat aan 'n mediese fonds behoort, moet eers van die mediese fonds eis.

<u>BELANGRIK</u>: Enige eise moet binne 30 dae van die ongeval/insident met die prinsipaal bespreek word.

***WESTCLIFF***
VAARDIGHEIDSKOOL

Posbus 328
Sanlamhof, 7532
Tel: 021 9484877
Faks: 021 9489434
*admin@westcliffschool.co.za*
webadres: www.westcliffschool.co.za

# ONDERTEKENING VAN PROSPEKTUS EN SKOOLREËLS.

Die doel van hierdie dokument is om te verseker dat ouers/voogde ingelig is rondom die voorskrifte en skoolreëls van Westcliff Vaardigheidskool.

Hiermee erken ek, ________________________________________, ouer/voog van (leerder naam) ________________________________________, dat ek die skoolreëls en prospektus van Westcliff Vaardigheidskool ontvang het, dit verstaan en daartoe instem.

Geteken te ……………………. op die ……………… dag van ………………………… 20………

Ouer/Voog: ………………………………………… Leerder: …………………………………